

Elia in die boek Maleagi

E.J. Smit
Dept. Bybelkunde
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

Abstract

The significance of the task of Elijah as mentioned in Malachi 3:24: "to turn the hearts of the fathers to their children, and the hearts of the children to their fathers" is examined in the context of the relevant utterances of Malachi about the sending of the messenger. The question why the messenger of the Lord is named Elijah, is further clarified in the light of the activity of the historical Elijah on Mount Carmel, and the striking resemblances between the task of Elijah and that of Moses in binding the people to the Lord in the covenant relationship. The article concludes with a summary of the appearances of the name of Elijah in Ecclesiasticus and in the New Testament.

1. Inleiding: Elia in Maleagi

Die verwysing in Maleagi na die profeet Elia wys op 'n besondere aansien wat hierdie profeet in die tyd van Maleagi geniet het. Die aangrypenskap van die optrede van Elia berus op die totale beskrywing van sy optrede in 1 Konings 17 e.v., en sal wel te make hê met die aankondiging van sy sending: "So waar as die Here, die God van Israel leef, voor Wie se aangesig ek staan ..." (1 Kon. 17:1), sy oorlewing tydens die droogte (1 Kon. 17), sy wonders (1 Kon. 17), sy stryd met die Baälpriesters op die Karmelberg (1 Kon. 18), sy ontmoeting met die Here in die Godsverskyning op Horeb (1 Kon. 19), en sy opneming deur die wa en perde van vuur in die storm (2 Kon. 2).

Dit is nie moontlik om presies te bepaal wanneer die geskiedenis van Elia in Konings op skrif gestel is, en watter elemente van hierdie beskrywing 'n latere interpretasie van Elia se optrede is nie. In die verdere geskiedbeskrywing na Elia se dood word twee keer vermeld dat die uitsprake van Elia waar geword het, naamlik in 2 Konings 9:36 in verband met die dood van Isebel, en in 2 Konings 10:10 en 17 in verband met Jehu se uitroeiing van die nageslag van Agab.

Die vermelding van die "brief", of skrywe, van Elia aan Joram in 2 Kronieke 21:12 e.v. bring die vraag na die datering van Elia se lewenseinde, en na die funksionaliteit van hierdie vermelding in 2 Kronieke na vore.

Oor die vraag of Elia nog geleef het, of kon geleef het tydens die regering van Joram, is daar verskillende standpunte wat taamlik radikaal afwyk: sodanige standpunte varieer van die aanvaarding dat Elia inderdaad nog gelewe het en die skrywe gestuur het (Noordtjij, 1957:254), tot die uitspraak dat dit "a pure product of the imagination" is, aangesien aanvaar word dat Elia tydens Joram se koningskap nie meer kon geleef het nie (Curtis & Madsen, 1965:415). Terwyl Curtis en Madsen (1965:416) toegee dat daar tog enigsins onsekerheid hieroor is, en daar geen verdere gegewens is oor die datum van Elia se lewenseinde nie, lyk dit beter om eerder te vra na die funksionaliteit van hierdie skrywe.

Dit ly geen twyfel nie dat die skrywer van Kronieke hierdie skrywe van Elia invoer om te benadruk dat dieselfde oordeel wat tydens Elia se skerp en kenmerkende optrede in die Noordryk oor die afvallige volk en koning gegeld het, ook in die geval van die Suidryk geld (cf. Ackroyd, 1973:154).

Maleagi se verwysing na Elia in Maleagi 3:23-24 (AV 4:5-6) het 'n besondere karakter. Hier word nie, soos in 1 Konings en 2 Kronieke, verwys na die profetiese uitsprake van Elia nie, maar na 'n andersoortige werksaamheid. In die beskouing oor die werksaamheid en optrede van Elia het daar dus in die tyd van Maleagi iets anders in die herinnering van hierdie profeet naas sy profetiese uitsprake bly vassteek. Terwyl die verwysings in 2 Konings 9 en 10 relatief kort na die optrede van Elia plaasgevind het, is dié in Maleagi heelwat later.

2. Die datering van Maleagi

Oor die datering van Maleagi is daar verskillende standpunte. In verband met sy verwysing na Elia is dit tog belangrik om te poog om die boek, en hierdie verwysing in die historiese ontwikkeling van die volk na die ballingskap te plaas, al is dit vir ons doel net in 'n breë raamwerk.

As die optrede van Maleagi ná Sagaria geplaas word, dan sal die uitspraak in 3:1: "dan sal skielik na sy tempel kom die Here na Wie julle soek ..." in die ore van die luisteraars ook 'n verwysing bevat na die bestaande tempel, hoewel daar seker steeds ook 'n geestelike betekenis aan die uitspraak geheg kan word.

Van die verwysings na die sondes van die volk in die uitsprake van Maleagi ten opsigte van die skielike koms van die Here na sy tempel, kom sosiale misstande soos die verdrukking van die dagloner (3:5), en godsdienstige misstande soos die weerhouding van die tiendes en offergawes (3:8, 10) uitdruklik ook in Nehemia voor (Neh. 5; Neh. 10; Neh. 12:44 e.v., Neh. 13). Die towenaars, egbrekers, meinediges, die verdrukking van weduwees en wese, en die wegstoting van die

vreemdeling (Mal. 3:5) kom nie daar so uitdruklik voor nie, maar die verwysing in Sagaria na die verdrukking van die weduwees, wese en vreemdelinge (Sag. 7:10) laat vermoed dat ook die ander misstande wat hier genoem word, nie ongewoon was in die na-ballingskapse tyd nie. Historiese aanduidings soos droogte en sprinkane is in hierdie tyd ook nie onbekend nie (kyk ook Hill & Walton, 1991:426).

As die taalkundige analise van Hill (1983) aanvaar word, kan die datering van Maleagi nader gespesifiseer word, naamlik ongeveer rofweg 500 tot 475 v.C., dus na die voltooiing van die tempel, en voor die optrede van Ezra in Jerusalem. Die hoë verwagtings van die volk na die voltooiing van die tempel het nie gerealiseer nie; slegs 'n geringe aantal ballinge het teruggekeer na Juda toe, en die verwaagte verbondseëninge het nie op Jerusalem neergedaal nie (kyk ook Hill & Walton, 1991:427).

3. Elia en die "boodskapper" (מלאך) van Maleagi 3:1

Selfs al sou Maleagi 3:23-24 (AV 4:5-6) as 'n 'appendix' tot die boek Maleagi aanvaar word (kyk Hill & Walton 1991:430), hoef daar nie veel twyfel te bestaan dat Elia wat hier genoem word, dieselfde is as die "boodskapper" in 3:1 nie (kyk bv. Verhoef, 1987:340; Hill & Walton, 1991:430).

Terwyl die boodskapper in 3:1 dus ongenoemd aangedui word, word hy in 4:5-6 spesifiek benoem. Maak dit die werksaamheid wat hy tot taak het, ook meer spesifiek? Watter verbesondering bring dit ten opsigte van die algemene beskrywing van sy taak as "boodskapper"?

In 3:1 word die stuur van die boodskapper reeds aangekondig met הִנֵּה גֵּבֹלֹהֹּ (gevolg deur 'n *participium* (שֶׁלֵּחַ)), wat gewoonlik verklaar word as 'n aanduiding van 'n *futurum instans*, waarin "certainty" uitgedruk word, meestal gepaardgaande met "immanency" (Waldtke & O'Connor, 1990:627). Hierdie formulering vir die stuur van die boodskapper, naamlik Elia, word herhaal in 3:23: הִנֵּה אֲנֹכִי שֶׁלֵּחַ.

In 3:1 word die taak van die boodskapper aangedui met die algemene gebruik van die boodskappersformule. Die taak van die boodskapper in hierdie geval is dat hy "die pad voor My uit regmaak" (וּפְנֵה דֶרֶךְ יְהוָה לְפָנָי). Dieselfde uitdrukking word in Jesaja 40:3 gebruik in 'n meervoudsimperatief (יְהוָה יִפְנֵה דֶרֶךְ יְהוָה), wat duidelik ook 'n boodskapperswerksaamheid is (kyk ook Snyman, 1988:66). Wanneer die pad in die woestyn reggemaak, of "berei" (OAV Jes. 40:3) is, en 'n grootpad in die wildernis gelyk gemaak is (וַיִּשְׁרֹתוּ), elke dal opgevol, en elke berg en heuwel gelyk gemaak is ... , dan word die heerlikheid van Jahwe geopenbaar, en alle vlees saam sal dit sien (Jes. 40:5).

In Jesaja 45, die woord van Jahwe aan Kores, sy gesalfde, tree Jahwe self op as "boodskapper" vir Kores: "Ek sal voor jou uitgaan" (אֲנִי קֹפֵיךָ אֵלֶיךָ), en hoogtes gelyk maak (נִהַדְרִים אֲנִי) (Jes. 45:2), en hierdie uitspraak loop ook daarop uit dat "Ek die Here is wat jou by jou naam roep, die God van Israel" ... אֲנִי יְהוָה הַקּוֹרֵא בְשֵׁמִי אֱלֹהֵי יִשְׂרָאֵל (Jes. 45:3).

Soos Kores in Jesaja 45 kom ter wille van die kneg van Jahwe (עֲבָדֵי יַעֲקֹב) "my kneg Jakob, Israel my uitverkorene") nadat Jahwe self vir hom die pad gelyk gemaak het, so kom Jahwe self na sy volk toe om hulle te versorg (Jes. 40:10-11) met die openbaring van sy heerlikheid, nadat die "boodskapper" die pad vir hom "berei" het.

In Maleagi 3:1 word die boodskapper vooruit gestuur om sy pad te baan, en dan sal Hy self onkeerbaar, "skielik" (פְּתָאִים) na sy tempel toe kom.

Hy wat kom, word hier genoem "die Here (הָאֱדוֹרֶךְ) na wie julle soek (Pi. בִּקֵּשׁ), naamlik die Engel van die verbond na Wie julle 'n begeerte het". Hoewel die uitdrukking "Engel van die verbond" nie elders as aanduiding van Jahwe gebruik word nie, is dit hier duidelik dat dit Hy is wat kom op die "groot en vreeslike dag" (3:23, AV: 4:5). Die gedagte om die Here te soek kom meermale by die profete voor. In Hosea 10:12, Amos 5:4 en 5:6 en Jesaja 55:6 word die werkwoord רָרַשׁ gebruik, maar in Hosea 3:5, Sefanja 2:3, Sagaria 8:21, 22 en Jesaja 51:12 word die Pi. van בִּקֵּשׁ gebruik soos in ons teks. Maleagi se uitspraak hang dus nie in die lug nie, maar is gegrond op bekende uitsprake by 'n hele aantal profete. Dieselfde uitspraak kom trouens ook voor in Deuteronomium 4:29 in 'n konteks van verlossing uit die nood.

Die taak van die boodskapper om die pad te baan, hoogtes gelyk te maak en die koms van die Here aan te kondig, staan ongetwyfeld in verband met die werksaamheid wat in Maleagi 3:24 (AV: 4:6) beskryf word. Die rede is ook duidelik, naamlik dat niemand wat nie met die Here versoen is nie, sal kan standhou as Hy kom nie.

4. Die groot en vreeslike dag (יום יהוה הגדול והנורא)

Die woorde waarmee die dag beskryf word, herinner sterk aan dié van Joël 2:11: כִּי-גָדוֹל יוֹם-יְהוָה וְנֹרָה מְאֹד. Daar is weinig twyfel dat hierdie dag dieselfde is as die יום יהוה wat veral in die profetiese boeke voorkom (Verhoef, 1956: passim). Soos in Joël val die nadruk by die beskrywing van die dag as "groot en vreeslik" op die gerigskarakter van die dag (Verhoef, 1956:60, 80). In die beskrywing lê dus 'n ernstige waarskuwing vir die volk dat die gerig van die Here aan die kom is, naby is, en finaal, vir seker besig is om te kom. Die *Naher-*

wartung en die finaliteit van die koms van die dag word inderdaad versterk deur die gebruik van die *futurum instans* in verband met die stuur van die boodskapper (3:1, 23) (kyk bo), en die gebruik van die bywoord פְּתָאֵם (3:1).

5. Die Elia-werksaamheid

In hierdie omstandigheid van die naderende gerig van die Here, stuur Hy die profeet Elia as boodskapper met sy bepaalde werksaamheid, sodat dit tot gevolg mag hê dat die Here nie die land met die banvloek tref nie. Die uitdrukking הִפְּחָה מִן הָאָרֶץ moet hier losgemaak word van sy eng religieuse betekenis en verstaan word as 'volledig vernietig' (kyk Brekelmans, 1971:638; Verhoef, 1987:344; Lohfink, 1978:212: "töten, vernichten"). Tog skyn dit asof, wanneer Maleagi hierdie pregnante uitdrukking gebruik in plaas van 'n meer neutrale uitdrukking vir vernietiging, dit teen die agtergrond van die religieuse betekenis gesien moet word. Die voorwaardelike karakter van die stelling dui nie op die koms van die dag van die Here nie, maar op die vraag of sy koms tot oordeel of tot heil sal wees (Verhoef, 1956:80). Die uitdrukking "die land" sal wel omvattend ook 'n aanduiding wees van die inwoners van die land, en so sal die oordeel van die Here hulle tref, maar daaragter lê ook tog die betekenis dat die besit van die land vir die volk uitdrukking is van hulle verbondsverhouding met die Here (kyk bv. Helberg, 1990: passim, veral pp. 29-36, 66-71, 106-113), en die vernietiging van die land sou die finale teken wees dat die verbondsverhouding met die Here ook tot 'n einde gekom het. So "bly die land, met die gepaardgaande rus en vrede, sterk verbind aan die oproep tot bekering en is die land sterker verbind aan verwagtings aan die hoop, aan die toekoms, as aan die hede" (Helberg, 1990:113).

5.1 Die hart van die vaders en die kinders

Die werksaamheid van Elia word omskryf met וְהָשִׁיב לֵב אָבוֹת עַל-בְּנֵיהֶם וְהָשִׁיב לֵב בְּנֵיהֶם עַל-אָבוֹתָם. OAV vertaal: "Hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders"; NAV vertaal: "Elia sal vaders en kinders met mekaar versoen". NIV vertaal: "He will turn the hearts of the fathers to their children, and the hearts of the children to their fathers". In sy ondersoek na die gebruike en betekenis van die woordstam שׁוּב in die Ou Testament gee Holladay die betekenis van die Hif. van שׁוּב met voorwerp לֵב as "bring back (someone's loyalty)" (1958:99), en hy vertaal hierdie vers: "and he will turn the hearts of fathers to their children, and the hearts of children to their fathers" (kyk ook BDB:998).

In 'n poging om die draagwydte van die Elia-werksaamheid vas te stel, lyk dit nie aanvaarbaar om dit bloot te verstaan as die herstel van gesinsverhoudinge, of selfs as die oorbrugging van 'n generasie-gaping nie, selfs met die gedagte dat die gesin

die kern van die gemeenskap vorm, en die herstel sodoende kan lei tot die herstel van die totale gemeenskap (Baldwin, 1972:252). So het die LXX gedink aan 'n herstel van verhoudinge in die totale gemeenskap met sy vertaling: ὅς ἀποκαταστήσει καρδίαν πατρός πρὸς υἱόν, καὶ καρδίαν ἀνθρώπου πρὸς τὸν πλησίον αὐτοῦ, "who shall turn again the heart of the father to the son, and the heart of a man to his neighbour" (LXX s.j.:1130). 'n Meer spesifieke toepassing van hierdie gedagte is dié van Elliger (1975:216), naamlik dat die gaping tussen die geslagte in die tyd van Maleagi veroorsaak kon gewees het deur die instroming van vreemde, Hellenistiese invloede, wat nie sou kon standhou voor die naderende koms van die dag van die Here nie. Horst (1964:275) meen dat die herstel van versteurde gesinsverhoudinge om daardeur 'n gemeenskapseenheid tot stand te bring, 'n tipiese motief in die ou Oosterse eskatologie is.

Tog lê daar myns insiens meer in hierdie uitdrukking. Dit is waarskynlik mede as gevolg van die gebrek aan die lidwoord in die Hebreeuse konstruksie לְבָבֹתָא דְּיִשְׂרָאֵל dat De Moor (1903:164) voorkeur gee aan die verklaring dat Elia "zal het oude Israel der patriarchen weer verzoenen met het jonge Israel van dit geslacht en de hooge geestelijke eenheid weer herstellen", terwyl hy sy argument origins baseer op die uitspraak in Lukas 1:54, 55. Ook Elliger (1975:217) dink in hierdie rigting met die begroning van Maleagi se Elia-werksaamheid in sy optrede op die berg Karmel, hoewel hy tog die volgende opmerking maak: "Woher er (Maleagi) weiss, dass der Vorläufer 'der Prophet Elia' sein wird, bleibt sein Geheimnis".

Maleagi se voorstelling van Elia as die boodskapper kan ietwat duideliker begrond word juis op Elia se optrede op die Karmelberg. Die afsluiting van Maleagi se profesie bevat begryplikerwys 'n profetiese vooruitskouing en 'n profetiese terugblik in 'n uitspraak wat sterk waarskuwend en sterk heilsvoorseggend is. Die vooruitskouing bevat die aankondiging van die koms van die Here op die dag van oordeel wat brand soos 'n oond (3:19, AV 4:1) – 'n gebeurtenis wat ook 'n dag van genesing en oorwinning sal wees vir dié wat sy Naam vrees (3:20-21, AV 4:2-3). Die terugskouing bevat die verwysing na Moses en Elia (3:22-24, AV 4:4-5).

In die slot van die profesie van Maleagi, die laaste profeet van die Ou Testament, moet verwag word dat dit hier in 'n groot mate sal gaan om samevattende gedagtes. Daarmee word in gedagte gehou dat die redaksiegeskiedenis van die boek Maleagi, soos ook dié van die ander profetiese boeke, nie net gesien moet word as 'n profetiese verskynsel nie, maar ook as 'n literêre verskynsel (kyk Utzschneider, 1992:380). Dit is nie moontlik om die redaksieproses presies te bepaal nie. Tog lyk dit onteenseglik in die geval van Maleagi dat hierdie proses ook 'n "schriftprophetischer" proses was (Utzschneider, 1992:380), en dat daar intertekstuele verhoudinge met ander (ouer) tekste bestaan in Maleagi se verwysing na hierdie twee prominente figure in die Ou-Testamentiese geskiedenis. Selfs die bewoording van Elia se optrede op die Karmelberg soos in 1 Konings

beskryf, bied alreeds 'n treffende ooreenkoms met Maleagi se beskrywing van die werksaamheid van Elia.

5.2 Elia op die Karmelberg

Die beskrywing van Elia se optrede op die Karmelberg verskyn in 1 Konings 18:21 e.v.

Nadat die Baälpriesters vergeefs probeer het om die god Baäl tot optrede te dwing, berei Elia die offer op so 'n manier dat die daad van Jahwe die volk tot die oortuiging moet lei dat Hy alleen God is. Elia bid tot Jahwe (vs. 36-37):

Here, God van Abraham, Isak en Israel, laat dit vandag bekend word dat U God in Israel is, en ek u kneg, en dat ek al hierdie dinge op u woord gedoen het. Antwoord my, Here, antwoord my, sodat hierdie volk kan erken dat U, Here, God is, en dat U hulle hart tot U laat terugkeer (OAV).

Die MT-tekste vir die laaste gedeelte lui: וַיִּדְבְּרוּ הָעָם הַזֶּה כִּי-אַתָּה יְהוָה
הָאֱלֹהִים וְאַתָּה הַסֹּבֵת אֶת־לִבָּם אֲהִרָנָיָה

Die eerste vraag wat na vore kom, is of die gebruik van סבב Hif. (1 Kon.) in hierdie intertekstuele verhouding gelykgestel kan word met שׁוּב Hif. (Mal.), met ander woorde, of dit gesien kan word as 'n verhouding op die basis van die skriftelike teks. 'n Vergelyking van slegs enkele vertalings bring die volgende na vore: LXX gebruik (ὄτι) σὺ ἔστρεψας τὴν καρδίαν τοῦ λαοῦ τούτου ὀπίσω (1 Kon.), en ὅς ἀποκαταστήσει καρδίαν πατρὸς (Mal.). OAV vertaal "hart laat terugkeer" (1 Kon.), en "hart terugbring" (Mal.); NAV vertaal "harte bekeer" (1 Kon.) en "met mekaar versoen" (Mal.); NIV vertaal "turning their hearts back again" (1 Kon.) en "turn the hearts" (Mal.).

Slegs die NIV bied dus dieselfde vertaling vir die twee werkwoorde.

Die werkwoord סבב Hif. word in die na-ballingskapse tekste meestal in 'n negatiewe betekenis gebruik (bv. die gesig wegdraai). Waar dit wel in die betekenis van 'n gesindheidsverandering gebruik word (Esra 6:22), gaan dit oor die gesindheid ("hart") van die koning van Assirië, en staan dit nie in 'n verbondskonteks nie.

Japhet (1987) het in 'n studie van die woordgebruik in parallelle tekste in (hoofsaaklik) Samuel-Konings en Kronieke bevind dat daar 'n wysiging in woordgebruik kan voorkom, hetsy as gevolg daarvan dat 'n bepaalde woord in later tye in onbruik geraak het, of dat 'n algemene woord in 'n meer omvangryke semantiese veld gebruik word, of dat 'n woord met 'n ander woord vervang word as gevolg van klankooreenkoms, of dat daar skryf- of leesfoute voorgekom het (Japhet, 1987:9-10). Hoewel die studie van Japhet slegs gaan oor die verhouding

van (hoofsaaklik) Samuel-Konings en Kronieke, dui dit tog daarop dat sulke wysiginge kan voorkom tussen parallelle tekste van voor- en na-eksiliese tye.

Japhet (1987) se studie handel oor woordverandering in definitiewe tekstuele parallele, terwyl die moontlike ooreenkoms tussen Elia op die Karmelberg en Maleagi se Elia-werksaamheid ook kan berus op 'n mondeling oorgelewerde tradisie waar sinonieme gebruik makliker kan voorkom.

'n Verdere vraag handel oor die betekenis van אָהַרְנִית . BDB (1972:31) beskou dit as in werklikheid 'n vroulike byvoeglike naamwoord wat bywoordelik gebruik word in die betekenis van "agteruit, terugwaarts" (*backwards*). In vier gevalle waar hierdie woord voorkom, word dit in ruimtelike sin gebruik. Ons teks is die enigste waar dit in 'n temporele betekenis gebruik word. Kennelik het die woord hier die betekenis dat die 'hart', of lojaliteit van die volk teruggebring word in die oorspronklike verbondsverhouding tot Jahwe nadat hulle van Hom afvallig geword het.

Dit skyn dus asof Maleagi se gebruik van die woorde "die hart van die vaders tot hulle kinders, en van die kinders tot hulle vaders" gesien moet word as 'n figuurlike uitdrukking van 'n algehele ommekeer van die hart van die volk, ook in die verband van die geslagte, tot by die oorspronklike verhouding tot Jahwe wat met die sluiting van die verbond tot stand gekom het.

Elia se bede op die Karmelberg is dat die volk moet erken dat dit Jahwe is wat hulle hart terugbring, maar dit is duidelik dat Elia as kneg (עֶבֶד) van die Here instrumenteel is daartoe.

Wat Elia op die Karmelberg duidelik na vore gebring het, is nie alleen 'n 'oorwinning' van die Jahwe-geloof oor die geloof in die god Baäl nie, maar 'n verdieping van die Godsgeloof in die hart van die volk. Nie alleen is Jahwe sterker en groter as die god van die Kanaäniete nie, maar Hy is inderdaad die enigste God. Die gode van die heidene vermag niks, en bestaan in werklikheid ook nie. Jahwe is ook nie net die Beskikker oor die kragte van die natuur nie, maar sy optrede en bemoeienisse is primêr op sy volk gerig, en daarom gebruik hy die kragte van die natuur om sy volk te vermaan, te bestraf, of om vir hulle heil te berei (kyk Fohrer, 1968:94-95).

Maleagi se verwysing na hierdie instrumentele werksaamheid van Elia kan gevolglik ook nie bloot histories verstaan word as 'n verwysing na die oorwinning van die Jahwe-geloof op die Karmelberg nie, soos dit trouens ook nie die geval is in verband met die optekening van hierdie geskiedenis in 1 Konings 18 nie. In die geval van 1 Konings het die optekening van hierdie geskiedenis ook heelwat later, en dus ten behoeve van 'n latere gemeenskap plaasgevind. Dit is sekerlik waar dat die skrywer(s) van 1 Konings, in elk geval in sy laaste redaksie, die bedoeling gehad het om die volk in ballingskap (of selfs later) aan te spreek. Die

optekening van die geskiedenis moes die bedoeling gehad het om die volk daarvan bewus te maak dat hulle voortdurend voor die beslissing staan van óf die aanvaarding van Jahwe as hulle enigste God van verlossing, óf die aanvaarding van die heidense gode en dus die verwerping van Jahwe (kyk Fohrer, 1968:57-58). Die Elia-vertelling het daarom gedien "als energischer Aufruf zur Entscheidung für Jahwe" (Fohrer, 1968:157).

Om die aktualiteit van hierdie voortdurende prinsipiële beslissing te onderstreep, moet die volk ook teruggevoer word tot die historiese moment waar hierdie verhouding met Jahwe oorspronklik sy beslag gekry het, naamlik in die sluiting van die verbond by Sinai. Daarom wil die skrywer van 1 Konings 17-19 te kenne gee dat Elia in dieselfde tradisie te werk gaan as Moses, en word die ooreenstemming tussen Moses en Elia sterk benadruk.

5.3 Elia en Moses

Dit kan aanvaar word dat wanneer daar na ooreenkomste tussen Moses en Elia gekyk word, die Moses-geskiedenis reeds in bepaalde vorm of vorme voorhande was toe die Elia-geskiedenis sy skriftelike vorm gekry het. Fohrer (1968:55-56) vind verskillende ooreenkomste tussen die beskrywinge van Elia en Moses, waaronder Elia se versorging deur die kraaie met brood en vleis, en die manna en kwartels aan die volk in die woestyn; die stryd op die Karmel-berg en die stryd met die towenaars in Egipte; Elia se tog van veertig dae en nagte na Horeb, en Moses se ewe-lange verblyf op die berg; Elia se ervaring van die Godsverskyning by Horeb en die Godsverskyning op die berg aan die volk (hoewel die verskyning aan Elia as 'n bewuste *Kontrastparallele* verstaan moet word) (Fohrer, 1968:56; kyk ook Snyman, 1988:67-68 vir verdere ooreenkomste tussen Elia en Moses).

Ooreenstemmend tussen Elia en Moses is sekerlik ook die punte in die geskiedenis waar die stryd gevoer is om die herstel van die verhouding tot Jahwe, naamlik deur Moses ná die aanbidding van die goue kalf deur die volk, en deur Elia op die Karmelberg. In aansluiting by die historiese verloop van gebeurtenisse is die besonderhede van die twee gevalle anders. In die geval van Moses het Jahwe gedreig om die volk te verdelg, en slegs op die middelaarsgebed van Moses het Jahwe Hom laat oorreed om tog saam met die volk te trek tot vervulling van die verbondsbelofte (kyk veral Eks. 33:12-17). Tewens, net soos by die refleksie van hierdie geskiedenis in Deuteronomium 9:27, beroep Moses hom in Eksodus 32:13 in sy gebedsworsteling met Jahwe op die verbondsbeloftes aan Abraham, Isak en Jakob. Elia roep God aan as "Here, God van Abraham, Isak en Israel" (1 Kon. 18:36), terwyl sy bede gaan om die herstel van die verhouding van die volk tot die Here. Cohn (1982:341) sê: "In so doing, he (naamlik die skrywer van 1 Konings – E.J.S.) assigns overwhelming significance to the event. He claims that at Carmel Elijah, a 'prophet like Moses', remade the covenant with the people of Israel who 'put away' the baalim".

Een verdere punt van ooreenstemmende uitdrukingswyse kan die aandag hier nie ontgaan nie. Nadat Moses hom vergewis het van die sonde van die volk met die goue kalf, beskryf Eksodus 32:26-28 die straf-optrede deur die stam van Levi op Moses se versoek. Sy opdrag aan hulle is (Eks. 32:27): "... laat elkeen sy broer en elkeen sy vriend en elkeen sy naaste doodmaak"; en na die mededeling dat omtrent drie duisend man van die volk geval het, sê Moses (MT): מְלֵאֵי יָדְכֶם הַיּוֹם לַיהוָה כִּי אִישׁ בְּבִנוֹ וּבְאָחִיו וְלַתּוֹת עֲלֵיכֶם הַיּוֹם בְּרָכָה (Eks. 32:29). Die uitspraak is moeilik te vertaal; OAV het: "Vul vandag julle hand om te offer aan die Here – want elkeen is teen sy seun en teen sy broer – sodat Hy vandag 'n seën oor julle kan gee"; NAV vertaal: "Vandag is julle gewy vir diens aan die Here, want julle het selfs teen seuns en broers opgetree. Om hierdie rede gee die Here vandag aan julle hierdie besondere voorreg"; Gispén (1951:184) vertaal: "Vult heden uw hand voor den HERE, namelijk ieder met zijn zoon en met zijn broeder, om heden zegen over u te geven", en hy parafraseer (1951:193): "Offert heden aan den HERE ieder zijn zoon en zijn broeder, om zo te bewerken, dat de HERE heden zijn zegen over u geeft".

Hoe moeilik dit ook al is om hierdie vers in sy geheel te verstaan, wat hieruit wel na vore kom, is dat wanneer die verhouding met Jahwe versteur word, die horisontale verhouding binne die volk ook onderling versteur word, en dat die herstel van die verhouding met God kollektief as voorwaarde het dat die onderlinge verhouding in hulle gerigtheid op Jahwe ook reggestel moet word. Hierdie voorwaarde skyn 'n belangrike bepaling te wees vir die formulering van die werksaamheid van Elia in Maleagi. Dan gaan dit nie net om die herstel van onderlinge verhouding nie, maar om die betrokkenheid van die herstellende verhouding op Jahwe.

5.4 Samevatting

Dit is opmerklik dat Holladay (1958) by die vasstelling van die betekenis van die Hif. van שָׁרַב vier tekste noem onder die gebruik in die konteks van verbondsverhouding, wat al vier in 'laat' tekste voorkom, naamlik Klaagliedere 5:25, Nehemia 9:26, Maleagi 2:6, en Esegïel 14:6. Verhoef (1987:342) huiwer nie om Maleagi 3:24 (AV 4:6) ook in 'n verbondskonteks te verstaan nie. Dit is trouens vir hom een van die twee temas in die verkondiging van Maleagi, naamlik die verbond, met die dag van die Here as die ander tema (Verhoef, 1987:340).

Die werksaamheid van Elia kan dan gesien word as 'n werksaamheid wat ter wille van Jahwe plaasvind, maar ook ter wille van die redding van die uitverkore verbondsvolk. Die werksaamheid vind plaas voordat die Here 'skielik', onverwags kom in die dag van oordeel. Die werksaamheid het ten doel die verlossing van die getroues. Die verlossing vind dan wel plaas op grond van die toegewyde hart van die volk, maar die herstel van hierdie verhouding vind ook plaas deur die

Here self, want dit is immers Hy wat Elia stuur om die herstel te bewerk. Die herstel van die verbondsverhouding word uitgedruk in terme van die toewyding van die hart van vaders en kinders, maar word gesien as 'n herstel van die verhouding met die Vader en Skepper van die verlore volk. Op grond van hierdie herstellende verhouding kom daar ook 'n herstel van onderlinge verhoudinge in die sin van herstel van verhoudinge oor geslagte heen, sodat die huidige geslag (die kinders) in 'n gelyke verhouding met God te staan kom as die vaders van vroeër, met wie die verbond oorspronklik opgerig is.

Hierdie herstel van verhoudinge vind plaas om die basis vir die voortduur van die verbond te behou. Die voortduur van die verbond word immers uitgedruk deur die behoud van die land, een van die pertinente verbondsbeloftes wat in vervulling gegaan het, en wat die volk altyd beleef het as 'n teken van die bestaan en voortbestaan van die verbond. As die Here hierdie grondslag van die verbond sou wegneem as teken dat die verbond self ook tot niet gegaan het, sal Hy tot die volk kom in oordeel en gerig. Daarom stuur Hy Elia met sy besondere werksaamheid, om dit wat anders 'n gerig oor die volk sou wees, te verander in heil.

Dit is egter nie die land as sodanig wat die nadruk het in die verbondsverhouding nie, maar die herstellende verhoudinge by die koms van die Here na sy volk toe. Dit is trouens ook die klem wat die betekenis van hierdie uitspraak van Maleagi vir ons eie tyd het, naamlik die herstel van onderlinge verhoudinge op grond van die herstel van die verhouding van die verlore kinders van God tot hulle Vader en Skepper. Die herstel van onderlinge verhoudinge moet gesien word as 'n noodsaaklike grondslag om die koms van die Here as 'n koms in verlossing te verwag. Toewyding aan die Here kan nie losgemaak word van onderlinge versoening nie, en ook in hierdie opsig staan die kinders van God onder die eis van gehoorsaamheid aan en die inwerkingstelling van die gepredikte Woord. Anders is sy koms 'n koms in oordeel en gerig.

6. Die nawerking van Elia in die Apokriewe en die Nuwe Testament

Die herinnering aan Elia het in die Joodse literatuur ná die Ou Testament 'n wye nawerking gehad. Veral in die Joodse apokaliptiese geskrifte is Elia beskou as helper in die nood, beskermder van die onskuldiges, verlosser van die regverdiges, heemeester vir die siekes, stigter van vrede, een wat die volk waarsku en troos. In die Joodse literatuur na die Nuwe-Testamentiese tyd is allerlei hemelse take aan hom toegeskryf, soos hemelse skrywer wat veral boek hou van die huweliksverbintenisse van die Israëliete, begeleier van die siele van die gestorwe vromes, en die een wat voorbidding doen vir Israel (kyk vir al hierdie ontwikkelinge bv. Jeremias, 1935; Wiener, 1978). Uiteraard is dit besonderlik sy Messias-gestalte wat die aandag geboei het. Is hy die voorloper van die Messias, of is hy die Messias self?

Veral die uitspraak in die apokriewe boek Ecclesiasticus van Jesus Sirach het baie bygedra tot verskillende spekulasies oor Elia. Nadat Jesus Sirach die lof van God in die skepping besing het in Ecclesiasticus 42:18-43:36, besing hy die lof van verskillende Ou-Testamentiese figure. In 48:1-12 besing hy die lof van Elia, en vs. 10 lui: 'U is opgeskryf om op die regte tyd bestraffinge te doen, en om die toorn van die grimmige oordeel van God te stil; om die hart van die vader tot die seun terug te bring, en om die stamme van Jakob te herstel' (eie vertaling).

Die eerste gedeelte van die vers is oorgeneem uit tekste wat duidelik op Elia betrekking het, maar die laaste frase is oorgeneem uit Jesaja 49:6, wat betrekking het op die kneg van Jahwe. So moes die toekenning van 'n duidelike Messiaanse gestalte aan Elia alreeds in die tyd van Jesus Sirach bestaan het, en van daar af sy verdere nawerking gehad het.

Elia word in die Nuwe Testament 29 keer vermeld, en daar is slegs na Moses, Abraham en Dawid meer verwysings as na Elia (Jeremias, 1935:936). Die volksgeloof oor Elia as helper in die nood word by 'n paar geleenthede in die Nuwe Testament geïllustreer, byvoorbeeld tydens Jesus se uitroep aan die kruis toe van die omstanders sê: "Wag, laat ons kyk of Elia hom kom red" (Matt. 27:49). Ook die verwagting van die weerverskyning van Elia kom byvoorbeeld na vore in die vraag aan Johannes die Doper of hy Elia is (Joh. 1:21, 25).

In die Nuwe Testament is Moses en Elia ook nou met mekaar verbind in hulle verskyning saam met Jesus op die berg (Matt. 17:3-4; Mark. 9:4-5; Luk. 9:30-33).

Wat die spesifieke Elia-werksaamheid betref, is daar veral twee uitsprake in die Nuwe Testament wat aantoon hoe sy werksaamheid verstaan is. In Lukas 1:17-18 is dit duidelik dat die optrede van Johannes die Doper gesien word as die uitvoering van die profetiese uitspraak van Maleagi 3:24, naamlik "om die harte van die vaders terug te bring tot die kinders en die ongehoorsames tot die gesindheid van die regverdiges" (OAV), met die formulering van die resultaat van sy optrede: "om vir die Here 'n toegeruste volk te berei" (OAV Luk. 1:17). Tweedens, wanneer Jesus na die verskyning op die berg die Elia-werksaamheid saamvat met die woorde: Ἡλίας μὲν ἔλθων πρῶτον ἀποκαθιστάνει πάντα, "Elia kom eers om alles te herstel" (OAV Mark. 9:12), is dit duidelik dat Hy die taak van Elia verklaar as 'n godsdienstige vernuwing van die volk deur boete en vergewing (Jeremias, 1935:940). Sy byvoeging: "Maar Ek sê vir julle dat Elia al gekom het" (OAV Mark. 9:13), kanselleer nie hierdie Elia-werksaamheid nie, maar verhoog juis die spanning daarvan in die tyd tussen sy koms en wederkoms.

Bibliografie

ACKROYD, P.R. 1973. I & II Chronicles, Ezra, Nehemiah: Introduction and Commentary
London: SCM Press. (Torch Bible Commentaries)

- AV verwys na NAV of OAV. (Enige Afrikaanse vertaling kan vir hierdie verwysing gebruik word.)
- BALDWIN, J.C. 1972. Haggai, Zecharia, Malachi: An Introduction and Commentary. London: Tyndale Press. (Tyndale Old Testament commentaries.)
- BDB: kyk Brown, Driver & Briggs 1972.
- BREKELMANS, C. 1971. חָרָם Bann. (In Jenni E. & Westermann C. Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament Vol. I. München: Chr. Kaiser Verlag p 635-639.)
- BROWN, F., DRIVER, S. R. & BRIGGS, C.A. 1972. Hebrew and English Lexicon of the Old Testament. Oxford: Clarendon Press
- BYBEL. 1953. Die Bybel: dit is die ganze Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Hersiene uitgawe. Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.
- BYBEL. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika
- COHN, R.L. 1982. The Literary Logic of I Kings 17-19. *Journal of Biblical Literature*, 101(3):333-350.
- CURTIS, E.L. & MADSEN, A.A. 1965. A Critical and Exegetical Commentary on the Books of Chronicles. Edinburgh: T&T Clark. (The International Critical Commentary)
- DE MOOR, J.C. 1903. De propheet Maleachi. Bijzondere canonic en exegetiese Amsterdam: Kirberger & Kesper. (Diss.)
- ELLIGER, K. 1975. Das Buch der zwölf kleinen Propheten. II: Die Propheten Nahum, Habakuk, Zephania, Haggai, Sacharja, Maleachi übersetzt und erklärt. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht. (Das Alte Testament Deutsch.)
- FOHRER, G. 1968. Elia. Zürich: Zwingli-Verlag.
- GISPEN, W.H. 1951. Het boek Exodus opnieuw uit den grondtekst vertaald en verklaard. Kampen: Kok. (Korte Verklaring der Heilige Schrift.)
- HELBERG, J.L. 1990. Die verbondsvolk se verhouding tot sy land (veral in die tyd rondom die wegvoering in Babiloniese ballingskap: die groot profete en Klaagliedere). Potchefstroom: PU vir CHO. (Wetenskaplike Bydraes A 76.)
- HILL, A.E. 1983. Dating the Book of Malachi: a Linguistic Reexamination (In Meyers, C. & O'Connor, M. eds. The Word of the Lord Shall Go Forth: Essays in honor of D.N. Freedman. Winona Lake, Ind: Eisenbrauns pp 84-86.)
- HILL, A.E. & WALTON, J.H. 1991. A Survey of the Old Testament. Grand Rapids: Zondervan.
- HOLLADAY, W.L. 1958. The Root sūbh in the Old Testament with Particular Reference to Its Usages in Covenantal Contexts. Leiden: Brill.
- HORST, F. 1964. Die zwölf kleinen Propheten, Nahum bis Maleachi. Tübingen: J.C.B. Mohr. (Handbuch der Alten Testament.)
- JAPHET, S. 1987. Interchanges of Verbal Roots in Parallel Texts in Chronicles. *Hebrew Studies*, 28:9-50.
- JEREMIAS, J. 1935. Ἡλ(ε)ίας. (In Kittel, G. Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testament. Stuttgart: Kohlhammer. Vol II p. 930-943.)
- LOHFINK, N. 1978. חָרָם (In Botterweck, G.J. & Ringgren, H. Theologisches Wörterbuch zum Alten Testament. Stuttgart: Kohlhammer. pp 192-213.)
- LXX kyk Septuagint s j
- NAV kyk BYBEL 1983.
- NOORDTJIZ, A. 1957. De boeken der Kronieken opnieuw uit de grondtekst vertaald en verklaard. Kampen: Kok. (Korte Verklaring der Heilige Schrift.)
- OAV kyk BYBEL 1953.

- SEPTUAGINT s.j. The Septuagint Version of the Old Testament with an English Translation by Sir Launcelot Lee Benton and with Various Readings, Critical Notes and Appendices. London : S. Bagster and Sons.
- SNYMAN, S.D. 1988. Eschatology in the Book of Malachi. *Old Testament Essays*, 1 (2): 63-77.
- UTZSCNEIDER, H. 1992. Die Schriftprophetie und die Frage nach dem Ende der Prophetie Überlegungen anhand von Mal 1,6-2,16 *Zeitschrift für die Alttestamentliche Wissenschaft*, 104:377-394.
- VERHOEF, P. 1956. Die dag van die Here. Den Haag: Uitgeverij van Keulen N.V. (Exegetica)
- VERHOEF, P.A. 1987. The Books of Haggai and Malachi. Grand Rapids : Eerdmans. (The new international commentary on the Old Testament)
- WALDTKE B K. & O'CONNOR M. 1990. An Introduction to Biblical Hebrew Syntax. Winona Lake, Indiana : Eisenbraus.
- WIENER, A. 1978. The Prophet Elijah in the Development of Judaism A Depth-Psychological Study. London : Routledge & Kegan Paul